

Moses en die Profete

Uittreksel van Pastoor Nesor se preek: B173b

Skriflesing uit Lukas 16:19

Kernvers: 21- 'En hy het verlang om hom te versadig met die krummels wat van die rykman se tafel val. Ja, selfs die honde het gekom en sy wonde gelek.'

Hierdie was nie 'n gelykenis nie, maar wel 'n ware verhaal: En daar was 'n ryk man.... En daar was 'n bedelaar en sy naam was Lasarus.

In hierdie tyd van persing en toetsing waar die okkultisme en towery en allerhande kultusse so na vore kom, besef jy dat mense soek na die bonatuurlike, en dit neem by die dag toe.. Mense raadpleeg toewnaars en fortuinvertellers omdat hulle wil weet wat die toekoms vir hulle inhou.

Alles wat ons moet en wil weet staan egter in God se Woord geskryf. Vandat Jesus gekom het, het ons ook die Nuwe Testament bo en behalwe Moses en die Profete. Ons het vir Jesus en die Apostels maar selfs nadat Jesus uit die graf uit opgestaan het, was daar baie wat nie geglo het nie. So ook vandag!

Dit is ons stryd en ons uitdaging en moet ons dit vierkantig in die oog beskou. Glo ons werklik God se Woord of wag ons maar ook vir 'n groot wonderwerk of bonatuurlike verskynsel in die lug?

Party dink weer: O, ek is nog jonk, waarom sal ek my nou bekommer? Die lewe met al sy genietinge en uitdagings lê mos nog vir my voor. Laat ek eers die lewe geniet en dan sal ek my bekeer.

God skuif hier vir ons die gordyn weg van 'n allerbelangrike feit naamlik dat ons kan weet wat anderkant die graf gebeur. Daar was 'n ryk man en hy het 'n weelderige lewe gelei maar nie tyd vir God gehad nie. Die bedelaar het in sy poorte gesit en hy het hom nie aan hom gesteur nie. En toe hy sterf was hy geneem na 'n plek van pyniging. Toe die bedelaar sterf, het die engele gekom en hom weggevoer na die boesem van Abraham.

